

Waarheid & dwaling

MAANDBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS - JAARGANG 5, NO 6, JUNIE 1999

REDAKSIONEEL

VLAG EN LADING

Die eerste nommer van *Waarheid en dwaling* het in Augustus 1994 verskyn. Die aanvanklike doel was "om weer te staan vir die waarheid van God en die gesag van sy Woord in ons denke: Na duisternis lig!" Die lig van die Skrif word gestel teenoor

- * die duisternisse van verstandsgodsdiens,
- * Skrifkritiek,
- * onbybelse verdraagsaamheid teenoor die verkeerde,
- * onkunde oor God se Woord,
- * ongehoorsaamheid aan God se Woord,
- * die verdagmaking van ons belydenisskrifte en
- * die relativisering van Skrifgesag.

Dit lees ons op die laaste bladsy van die eerste nommer. Die titel van die blad, die vlag, dek die lading, die inhoud. Handhawing van die waarheid teenoor die dwaling ...

Drie jaar later, September 1997, word die eenhoofdige redaksie tot die bestaande redaksie van drie persone uitgebrei. Dit word in die nommer van Augustus aangekondig. Tegelykertyd verander die doel van *Waarheid en dwaling*. Dit word in dieselfde nommer ook aangekondig met die verklaring: "Ons glo dat die Woord bepalend is vir die volle lewe en dat" ons blad "daaraan diensbaar moet wees". Die aanvanklike antitetiese doelstelling bly, maar word by 'n meer positiewe, opbouwende doel ingesluit.

In Januarie 1998 open die rubriek *Redaksioneel*. In die eerste drie nommers van die vierde jaargang ontvang die lesers inligting oor die pad vorentoe: Die doel met die blad, die beleid (watter onderwerpe dringende aandag moet ontvang) en hoe ons die doel kan nastrewe. In

jaargang vier moes heelwat ruimte vir die toetsing van sinode-besluite afgestaan word. Aangesien die kerklike lewe in die sentrum van ons belangstelling gestaan het (dit was 'n moet vir die redaksie), het die Skriflig oor die volle lewe, die lewe in die koninkryk van God, nog nie so ver in die blad geskyn as wat die redaksie heelhartig begeer nie. Om hierdie rede was die naam van die blad prakties nog wel toepaslik, ook al is die ontwikkeling van die hele lewe in die diens van God (die nuwe doel) nie volledig in die naam *Waarheid en dwaling* weergegee nie. Met ander woorde: Die vlag (die naam) dek sekerlik in die toekoms soos ons dit beplan, nie meer suiwer die lading (die inhoud) nie.

Een van die aanwesiges in ons byeenkoms met kundiges op 24 April het in die lig van hierdie ontwikkeling tereg op naamsverandering aangedring. Die positiewe doel, intensivering van die amp van gelowige, moet duidelik in die naam weerklink. Ons het met die voorsteller saamgestem en besluit dat elkeen ernstig oor 'n passende naam sal nadink.

Versoek aan die lesers

In ons besinning oor 'n kort en duidelik sprekende naam oor die omvattende taak van die gelowiges in hulle drievoudige profetiese, priesterlike en koninklike amp wil die redaksie graag ons leserskring betrek. Voorstelle uit u midde is welkom. Ons soek saam die ontwikkeling van die gereformeerde lewe wat heeltemal in diens van ons Koning gestel word. Watter naam moet ons orgaan dra om dit kort en kragtig aan te dui? Die redaksie hoop dat die beplande byeenkoms met kundiges uit 'n verskeidenheid vakgebiede op 21 Augustus 'n nuwe naam kan aanvaar en 'n vlag wat die lading dek, op die skip (die blad) kan hys. Voorstelle van lesers in hierdie verband sal ewe ernstig as moontlike voorstelle uit die kring van kundiges oorweeg word.

1 Joh 4:6

"Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling"

INHOUD

- 1 **Redaksioneel**
Vlag en Lading
- 1 **Skrifoorndenking**
Gehoorsaamheid gevra
Ds GJ Meijer
- 3 **Fokus**
Die lewe is een
Ds ALA Buys
- 4 **Op die Kerkerf**
Geloofskeuse
Dr JG Meijer
- 7 **Aktueel**
Beoordeling van die charismatiese beweging
Prof L Floor
- 9 **Mediese Etiek**
Palliatiewe sorg
Dr JA Boon
- 11 **Persskou**
 - As 'n mens aan ABC torring ...
 - ... volg DEF ...
 - ... en JXH, die hart van die evangelieDs GJ Meijer

SKRIFOORDENKING

Gehoorsaamheid gevra!

Abraham word die vader van die gelowiges genoem. Nie om daarmee aan te toon dat hy uit homself beter is as enige ander mens nie. Wel om te wys hoe kragtig die troue Verbondsgod in sy kinders werk. Deur die geloof doen Abraham dinge wat menslik gesproke onmoontlik is.

In Genesis 11 en 12 lees ons die begin van Abraham, toe nog Abram, se lewensgeskiedenis.

Die Here het vir die eerste keer aan Abram verskyn toe hy nog in die land Ur gewoon het. In Ur het Abram voorspoedig geleef. Hy en sy familie was vermoënde mense. Besittings en slawe was daar in oorgloed. Vanaf Ur het Abram en sy familie op 'n stadium na die land Haran toe getrek. Daar het hulle vir etlike jare gewoon en hulle besittings verder vermeerder.

Ds GJ Meijer,
Wonderboompoort

Hebreërs 11:8

Deur die geloof het Abraham, toe Hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom.

Toe roep die Here weer vir Abram: "Gaan jy uit jou land en uit jou familie en uit jou vader se huis". Abram moet vir 'n tweede keer emigreer. Maar nou moet hy – anders as die eerste keer – alles wat bekend en vertrouwd en kosbaar en dierbaar is, finaal agterlaat. Dit is 'n groot ding om te doen. Ook 'n noodsaaklike ding. Langs dié weg wil die Here vir Abram losmaak van afgode wat hy en sy familie aanbid het (Josua 24:2).

Dit is nie maklik om op 75-jarige leeftyd die wortels so radikaal uit te trek nie. Alhoewel dit op sigself nog nie die ingrypendste deel van die Here se opdrag aan Abram is nie. Luister wat die Here verder beveel: "Abram, trek na 'n land wat Ek jou sal wys". Van dié opdrag sê die Hebreërskrywer dat Abram weggetrek het sonder om te weet waar hy sou kom. Hy moet die bekende agterlaat en die totaal onbekende tegemoetgaan.

Wat doen Abram as die Here hierdie menslik gesproke bitter moeilike opdrag vir hom gee? Abram het getrék, soos die Here hom gesê het. Bygesê: hy het gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as erfenis sou ontvang. Gehoorsaam weggetrek: daaruit blyk Abram se geloof. Hy maak nie kaspie nie. Hy vra nie vir uitstel nie. Hy maak nie eers sy berekenings of dit alles wel moontlik is nie. Abram trek, ook al is dit hoe moeilik.

Vir die Hebreër-gemeente was dit noodsaaklik om met hierdie geloofsgehoorsaamheid van Abram gekonfronteer te word. Hulle moet in 'n sekere sin ook alles agterlaat, net soos Abram. Omdat hulle in Jesus Christus glo, verander die ganse lewe. Niks bly dieselfde nie. Christenskap eis dat hulle moet breek met alles wat nie met hulle geloof rym nie. Dit verg offers. Dikwels moeilike offers. Sekere vriendskappe kom in gedrang. Bepaalde saketransaksies gaan nie meer deur nie. Daar moet in baie opsigte heel anders geleef word. Vir heelparty van die Hebreërs was dit swaar om al dié offers te bring. Té swaar.

En vir ons? Ons kom te staan voor die spieël van die geloof wat God in Abraham gewerk het. God eis gehoorsaamheid van sy kinders,

onvoorwaardelike geloofsgehoorsaamheid aan sy Woord. As Hy roep, wil Hy dat ons sal luister, ook al verg dit watter opofferings. En dan moet ons oppas om nie te murmureer as God roep en stuur nie. Dit is menslik om direk met 'n lys besware vorendag te kom as die Here iets van 'n mens verwag. Ja, ek sal dit doen, maaër ek het eers nog iets anders om te doen. Ja, ek wil, maar ek kan nie – ek is jonk, te onervare, te besig. Ja, dit is belangrik dat dit gebeur – maar vra liewer iemand anders. Verskonings, verskonings, verskonings. Menslike verskonings, terwyl God almagtig gehoorsame optrede soek.

Dit is ook menslik om eers jou somme te maak voordat jy tot aksie oorgaan. Dan hoor jy die wil van die Here, maar jy maak eers jou berekening. Wat gaan dit van my verg as ek hierdie besluit volgens God se Woord neem? Wat gaan die mense om my daarvan sê, hoe sal hulle reageer? Die mense moet tog net nie snaaks van my dink nie. Sulke somme-makery kom dikwels voor. Insteede daarvan om eenvoudig te doen wat die Here van ons verwag, probeer ons eers al die menslike faktore bereken. As die risiko te groot lyk, dan maak ons liewer aanpassings en dan moet die Here maar terugstaan.

Let op Abram se geloof. Hy trek omdat die Here sê: trek! As hy moes somme maak, sou hy nooit geskuif het nie – die risiko is te groot. As hy moes redes opnoem waarom hy eerder in Haran moet agterbly, sou hy bladsye kon volskryf. Tog emigreer hy, want hy neem die Here se bevel ernstig op. En terwyl hy trek, hunker hy nie terug na wat agterlê nie (Genesis 11:15). Hy kyk vorentoe, na die Here toe.

Van sulke geloofsgehoorsaamheid moet ons vol word. Ons moet leer om eie belange ondergeskik te stel aan die Here se wil. Ons moet bid dat die Here ons sal help om nie te "ja-maar" nie. Ons moet vir krag vra om nie die suiwer beginsel te laat vaar waar die reaksies van mense uiteindelik swaarder weeg as die wil van die Here nie. Spreek Here, u kind luister en doen: dit is die gehoorsaamheid wat God in sy kinders werk en soek.

Redaksie:

Ds ALA Buys
Ds GJ Meijer
Dr JG Meijer

Eindredaksie:

Dr JG Meijer
Posbus 31712
Totiusdal
0134

Tel (012) 329-1465
E-pos: jgmeijer@iafrica.com

Medewerkers:

Prof JC Coetzee
Prof L Floor
Prof GJC Jordaan
Dr JM Boon

Administrasie-adres:

Veritas
Posbus 31712
Totiusdal
0134
Tel (012) 335-9134
(Mev Hanneke Das)

Intekengeld:

R 60 per jaar

Taalkundige versorging:

Mev Rita Botha

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031
E-pos: printbur@smartnet.co.za


Prof dr K Schilder (1890-1952) behoort tot die vooraanstaande teoloe van die 20e eeu in Nederland. Van sy vele publikasies maak steeds meer uit druk en onbekombaar. Daarom het in 1995 die eerste deel van K SCHILDER: VERZAMELDE WERKEN (1940-1941) verskyn en in 1998 die tweede deel (1942-1944).

Die eerste deel bevat lesings en tydskrifartikels van sy hand. Dat prof K Schilder 'n boeiend persoon was, kom in hierdie deel duidelik uit. Mens kry 'n goeie beeld van die gereformeerde kerklike lewe en van die teologiese wetenskap in die tyd, maar ook van die nasionale besef van Schilder. Hy was een van die min Nederlanders wat in die verwarrende eerste jare van die Duitse besetting byvoorbeeld die groot gevare en anti-christelike karakter van die nasionaal-sosialisme raak gesien het en nie stil gebly het. Die boek tel 497 bl.

In die tweede deel (688 bl) skryf prof Schilder oor die dogmatiese en kerkreg dispuut wat uitgeloop het op die Vrymaking in 1944. Algemene genade, genadeverbond, pluriformiteit, die vereniging van die beide nature van Christus. Die briewe en geskrifte in hierdie boek gee 'n duidelike insig in die optrede en argumentasie van prof K Schilder.

Opgeneem in hierdie boek is 'Gehoord, ja of neen?', 'Eerste- en tweedehandse gesag', de rede van Schilder op de vergadering van 11 Augustus 1944, de 'Acte van Vrijmaking of Wederkeer' en dan tenslotte die dogmatiese verantwoording: 'Looze kalk'.

Die prys is R399,40 per deel. Afbetaling kan gereël word.



FOLMER BOEKHANDEL

19e laan 283, 0186 Villieria,
Tel/Faks 012 - 329 0031
Posbus 11607, 0121 Queenswood
E-Mail: rvdik@smartnet.co.za

DIE LEWE IS EEN

Integrasie van godsdiens en lewe

By baie gelowiges is daar 'n kloof tussen werksdag en rusdag. Dit wat in die erediens bely word, vind nie altyd in sy volle konsekwensies neerslag in die daaglikse lewe nie. Wat is die oorsaak van hierdie ongereformeerde skeiding van ons belydenis en gedrag?

'n Paar sake moet aangetoon word

Daar is 'n onkunde oor die trefwydte van die kerk wat ons bely. Die kerk is 'n geloofsartikel, een van twaalf wat elke Sondag bely word. Gereformeerde wees word dikwels vereng tot die lewe in die plaaslike kerk en kerkverband. 'Ek is gereformeerde' beteken meer as om net lidmaat van die kerk in die kerkverband te wees. Gereformeerde wees beteken om dit wat jy glo, uit te leef - elke dag. Juis oor hierdie saak bestaan daar verwarring - na twee kante toe.

Aan die een kant is daar gereformeerdes wat soos Rooms-Katolieke optree, met uitsondering van die verlossingsleer. Die Rooms-Katolisisme skei kerk en wêreld al te maklik. Daar moet gepreek word dat God se evangelie nie alleen die verlossing deur Jesus Christus inhou nie, maar ook om Christus as die Here van alle dinge en dae te erken.

Die tweede verwarring bestaan as gevolg van gebrekkige prediking. Hoeveel preke veroorsaak nie hierdie skeiding nie? Hoeveel preke het nie al vervlak tot moet-en-moenie-sedelesse nie sonder om die diepte aan te raak van wat Christus se koningskap alles inhou. Verder waag sommige predikante dikwels om sogenaamde toepassings te maak, wat kant nog wal raak, wat die lidmaat eerder voorthelp in sy verwarring as om die pad daaruit aan te wys. Predikante is nie meer die enigste geleerdes nie. Dit is juis hier waar die amp van gelowige in die ander vakgebiede naas die teologie tot sy reg moet kom. Lidmate wat verward en gefrustreerd is oor predikante se oppervlakkige toepassings in preke wat hulle vakgebiede raak (of ignoreer), moet ook maar hand in eie boesem steek. Hoeveel doen Christen-wetenskaplikes om Christus se koningskap (die norme van die Skrif) in hulle eie vakrigtings waar en konkreet te maak? Ook tot hulp van die prediking?

Is ons nog gewoond aan reformasie? Of is ons verstrik in geykte gebruike en prediking? Met hierdie vrae word iets anders bedoel as die afgesaagde debat oor tradisie en verandering. Vra vir 'n gemiddelde lidmaat wat tevrede is met die gang van sake in sy gemeente en jy hoor dikwels dieselfde: "Ons dominee werk hard, ons dominee preek goed, ons dominee..." Hoeveel begeerte is daar na die ontplooiing van die amp van gelowige? Hoeveel ledige lidmate sit nie maar rond en luister na preke wat hulle gerusstel

oor hulle saligheid of hulle laat gril oor hulle sondes nie? Of hulle wil nie luister na preke wat vaste voedsel bied nie, omdat dit sogenaamd geleerd is?

Is ons nog werklik lus vir grondige reformasie in kerk en samelewing? Dan sal ons almal werk om aan die skeiding van Sondag en werkweek 'n einde te maak. Daar is niks fout met die belydenis nie. Die belydenis is reg, maar belydenisvolle optrede kom kort.

Hoe kan hierdie saak reggestel word?

In ons vorige uitgawe is 'n byeenkoms in Pretoria vermeld. Die redaksie het hierdie byeenkoms gereël om saam met gereformeerde nie-teoloë te begin dink om hierdie saak aan te spreek. Uit die vergadering is verskeie vrugbare idees gebore.

Ten eerste is daar besluit om werkgroepe binne vakgebiede te vorm. By ons volgende vergadering (voorlopig geskeduleer vir 21 Augustus in Pretoria) wil ons begin met hierdie vakkundige werkgroepe. Dit is die bedoeling dat hulle in hulle vakgebiede vrae en probleme formuleer waarop antwoorde verkry moet word. Die sentrale vraag is: Hoe sal ons Jesus Christus, die Koning, in ons werk eerbiedig?

Die bestudering van hierdie vrae moet tot skriftuurlike antwoorde lei. Ook die teoloë het hierin 'n belangrike eksegetiese taak - nie om voor te skryf nie, maar om op relevante vrae skriftuurlike antwoorde te soek en te gee.

Elke skriftuurlike antwoord wat verkry word, behoort in die daaglikse werk toegepas te word en as evangeliese boodskap aan gelowiges en ongelowiges in die vakgebied oorgedra te word. So sal die lewe een wees, een in diens van God. Dit is lewende evangelisasie wat daarop gerig word om Gods Woord normatief in die samelewing in te dra.

Dit is 'n grootse ideaal. Tog is slegs 'n mosterdsaad nodig om dit te verwerklik. 'n Mosterdsaad groei uit tot 'n boom waarin baie voëls 'n nes vind. Ook heidene in Afrika kan getrek word na die plant wat groei uit 'n klein mosterdsaadjie. Deur die Skrif in die volle lewe te eerbiedig word die bestaande skeiding tussen die Sondag en die werkweek deurbreek. Dit beteken ook dat geloof nie lui nie, maar werksaam maak. As God sê: "Gaan heen en verkondig ..." (Matt 28:19 vv), sluit dit ook wetenskaplike gelowige ondersoek en gesprekke in, asook die uitvoering van die resultate in die praktyk. Te lank het ons hierdie lewensheiliging geïgnoreer. Die lewe is mos een?!

Gebed is 'n vereiste. Dit moet die beplanning en besinning vergesel. Jesus Christus is Koning. Sy Gees sal ook in Afrika 'n vuur wees. 'n Verwarmende en ... 'n verterende vuur.

TOERUSTING VIR DIENS IN DIE KERK (3) GELOOFSKEUSE

Dr JG Meijer, Pretoria

Die Heilige Gees gebruik predikante, ouderlinge en diakens in sy kragveld. Hulle dra 'n groot verantwoordelikheid. Dit behaag die Gees van God om deur hulle diens geloof in die harte van Gods kinders te werk en hulle lewe nuut te maak. Verder ontvang hulle in Efesiërs 4:11-16 die opdrag om die gemeente toe te rus. Die toerusting geskied met die oog op diens in die kerk en in die koninkryk van God. Kerklik word ons toegerus tot geloofseenheid en geloofsgroei. Dit alles het in vorige artikels van hierdie reeks ter sprake gekom. Nou dink ons saam oor die toerusting tot volwassenheid en van die volwassenes in die geloof.

Efesiërs 4 openbaar waarop troue amptelike diens in die gemeente uitloop. Die heiliges kom "tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus, sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring".¹ Volwassenheid in die geloof beteken om nie meer kinders te wees nie. Alhoewel die doel (volwassenheid) beklemtoon word, kom ook die periode van die kindertyd in die gesigsveld.

Geloofsgroei is dus volgens die Skrif 'n proses wat in twee fases verloop. Die eerste periode is die kindertyd. In hierdie periode is die kind dooplidmaat van die kerk, onmondig. In die tweede periode tree die lidmate as mondig, belydende lede van die liggaam van Christus op. Hulle het toegang tot die nagmaal, laat kinders doop, stem vir ampsdraers en manlike lidmate kan in die besondere ampte verkies word. Geloofsgroei wat in die kind se lewe begin, gaan in die stadium van volwassenheid, ja lewenslank voort.

Om die toerusting van kinders en volwassenes in kerk en gesin reg te kan uitvoer moet ons antwoorde kry op die volgende vrae: Wat beteken die woorde dat "ons nie meer kinders sou wees nie"? Wat kenmerk die kind in die kerk? Hoe moet die lammers van die kudde op hulle pad na volwassenheid opgevoed word? Wanneer mag ons hulle volwasse ag en tot belydenis van geloof toelaat? Hoe lyk die wandel van volwasse gelowiges?

Die lammers van die kudde

Die kinders in Efesiërs 4 is die kleintjies en die jeug wat nog nie belydenis van hulle geloof in die midde van die gemeente gedoen het nie. Hulle ontvang 'n erenaam. Die Heiland noem hulle sy "lammers".² God die Here het hulle uit genade as sy kinders aangeneem van die uur van die ontvangenis af. Ja, selfs voordat Hy ons in die moederskoot gevorm het, het Hy ons geken; en voordat die kinders van die verbond uit die liggaam voortgekom het, het Hy hulle geheilig.³ Die verbondsbelofte kom die kinders net soos die volwassenes toe.⁴ Op grond van hierdie en ander Skrifgetuïenisse bely ons in die doopformulier: God die Vader het ook die kinders in die kerk verkies om sy kinders te wees. Hy belowe om hulle deur die bloed van sy Seun van hulle sondes te reinig en hulle lewe deur sy Heilige Gees te vernuwe.

Die kinders in die kerk is kinders van God. Hulle het nie die reg om in vryheid vas te stel of hulle die HERE sal dien nie. Hulle mag nie gevra word om 'asseblief vir liewe Jesus te kies nie'. Intendeel, hulle moet leer dat God vir hulle gekies het, dat hulle kinders van sy huisgesin is. Hulle word opgeroep om in Hom te glo en as sy kinders te lewe. Hulle word by die openbare belydenis nie aangeneem nie - asof hulle tevore nie volwaardig in die verbondskring ingesluit was nie. Nee, kinders wat volwasse word, bely dat die HERE hulle reeds in die moederskoot aangeneem het en dat Hy hulle uit genade tot geloof en tot volwassenheid gebring het.

Ons kinders het 'n bevoorregte posisie. Hulle is kinders van God, in sy huisgesin - die kerk - ingelyf. Sy doopseël staan op hulle voorhoofde geskrywe. Kinders is egter nie volwasse nie. Hulle is die onmondige lede van die liggaam van Christus. Die volwassene wat aan sy jeug terugdink, sê met die apostel: "Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê".⁵ "Elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwassenes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei."⁶

Die praat, gedagtegang en redenering van die kinders in die kerk getuig van *onervarenheid*. Dit is die kenmerk van ons kleintjies en onmondige jeug. Nog nie deur gewoonte geoefen nie, staan die jong seun en dogter nog wyd oop vir sowel goeie as slegte invloede. Suiwer gegronde oordeel-vorming ontbreek nog. Kinders wat teenoorgestelde menings met oortuiging hoor verdedig, "word soos golwe geslinger en heen en weer gedryf".⁷ Hulle kan onmoontlik met vers en kapittel bewys waarom sekere menings en dade reg of verkeerd is. Ons mag dit dan ook nie van hulle verwag nie, in navolging van Hom wat die murmurering van die kinders tydens Israel se woestynreis vergewe het. Sy volk onder die ouderdom van twintig jaar wat ook aan dié gemopper deelgeneem het, mog desondanks die beloofde land beërwe.⁸ Terloops: Hierdie en ander Skrifgegewens oor die posisie van die kind in die verbond en in die kerk, asook die betekenis van die nagmaal moet terdeë in ag geneem word in enige skriftuurlike besinning oor kinder-kommunie.

Jong kinders in die verbond is net so goed as die volwassenes bevoorreg. Die voorreg beteken nie dat hulle kleintjies in die geloof mag bly nie. God wil dat die kinders in sy kerk volwasse word. Tot volwassenheid kom beteken juis om nie meer kinders te wees nie. Die Roomse leer van die *fides implicita* laat die 'leek' kind bly. Dit wil sê: Elke lidmaat hoef maar 'n minimum te glo. Die res glo die kerk vir hom of haar. Hierdie leer is in stryd met die Woord en daarom dwaalleer. Die dominee en die ouderling kan nie vir ander lidmate glo en in die geloof groei nie. God wil dat "ons almal kom ... tot 'n volwasse man" (13-14). Almal, geen lid van Christus se liggaam uitgesonderd nie. Ampsdraers wat lidmate skriftuurlik toerus, neem geen genoeë met 'n skare wat die wet nie ken nie en aanvaar nie verskonings vir onwetendheid soos die opmerking 'ek is maar 'n leek' nie. Gereformeerde kerke ken geen onkundige 'leke' nie, maar voed die lammers van die kudde op tot volwasse mans en vroue wat nie meer onervare is nie, maar "standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van die Here".⁹

1 Ef 4:13-14.

2 Joh 21:15.

3 Jer 1:5.

4 Hand 2:39; vgl. Gen 17:7; HK, antw. 74.

5 1 Kor 13:11.

6 Heb 5:13-14.

7 Ef 4:14.

8 Num

9 1 Kor 15:58.

Toerusting op pad na volwassenheid

Toerusting van ons kinders in die kerk, en dus ook in gesin en skool, bestaan uit leiding op die pad na volwassenheid in die geloof. Wanneer die kind volwasse word, kom hy of sy tot openbare belydenis van die geloof in die gemeente. Dan stel die liturg in naam van die HERE vyf vrae wat van harte bevestigend beantwoord word. Die kind moet dus so toegerus word dat hy of sy opreg 'ja' kan sê.

Die vyf vrae in die Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof behoort dus as dié gids by die toerusting gebruik te word.

Die kind wat tot volwassenheid gekom het, verklaar onder meer: Ek glo in ons drieënige HERE, die God van my doop. Ek - in sonde ontvang en gebore en steeds tot alle boosheid geneig - is in Christus geheilig. Die Vader het my as sy eie kind aangeneem. Die Heilige Gees werk die nuwe lewe in my. Ek glo dat die Bybel Gods Woord is. Ek glo die leer van die Skrif, soos die kerk dit bely en leer. Ek belowe om deur die genade van God in dié leer te volhard, die HERE lief te hê, in verbondsgemeenskap met Hom te lewe in gehoorsaamheid aan sy Woord. Ek sien van die sondige wêreld af. Ek soek my lewe en saligheid buite myself in Christus. Ek belowe om ywerig die bediening van Woord en sakramente te soek, as lewende lid van die liggaam van Christus my gawes aan te wend en my aan die christelike vermaning te onderwerp as ek my misgaan.

Openbare belydenis is geloofskeuse. Dit is nie 'n vrye keuse om te glo nie. Die vrye wil-keuse wat die Fariseërs, Pelagiane, Remonstrante en ander ketterse bewegings leer, bestaan nie. Niemand kan na die Heiland toe kom as die Vader hom nie trek, nie na Christus toe sleep nie.¹⁰ Nee, geloofskeuse is die keuse wat uit die geloof voortkom, uit die geloof wat die Heilige Gees in die hart gewerk het en bly werk. Die wil wat deur die Gees vernuwe is, werk ook self.¹¹ Die lidmaat wat bely, sê uit krag van die HERE: Ek wil U dien, U wat my aangeneem en verlos het en my lewe elke dag nuut maak. Ek wil volgens u Woord lewe, die leer daarvan trou bewaar. Ek kies kant - teen die sondige wêreld. U laat my kant kies. U sê immers self: "Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit" U, die Vader, nie, "maar is uit die wêreld. En die wêreld gaan verby en sy begeerlikheid, maar hy wat die wil van God doen, bly vir ewig".¹²

Wie die kinders van die kerk toerus, is besig met 'n groeiproses. Elke groei gaan stadig. Ons jong plante het veel aandag en tyd nodig om tot volwassenheid uit te groei. Kan katkisasieklasse onmiddellik na die erediens met voldoende konsentrasie plaasvind? En wat kom daar van geduldige en tydsame onderrig tereg, terwyl ouers buite ongeduldig staan en wag vir die einde van die les - want hulle wil tog so graag gaan koffie drink by die huis? Wat is die resultaat van 'n stoomkursus wat die kinders voor die openbare belydenis moet 'ryp druk'? Hoekom is so baie belydende lidmate 'leke' in die geloof? Jong plante wat nie liefdevolle en voortdurende aandag in kerk, gesin en skool kry nie, verdor. As hulle tot openbare belydenis toegelaat word, kan hulle onmoontlik die vyf vrae opreg en met die nodige kennis beantwoord. Die gevolg? Hulle ja verander in nee met die daad. Die belofte aan die HERE en aan sy gemeente om ywerig eredienste by te woon word as niks geag in die afwesigheid van talle belydende lidmate in die tweede Sondagse samekomste van heelwat gereformeerde kerke.

Toerusting op die pad na volwassenheid geskied deur suiwer bediening van die Woord. Ware verkondiging van die Woord bring ook die jongmense onder die gesag van die evangelie. Dié prediking pas nie by ongehoorsame 'hoorders' aan nie. Nee, dit bring tot volwassenheid in geloof. Gemeentes wat dié

preke nie verdra nie, moet luister na die vermanende woorde: Julle het traag geword "om te hoor. Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie".¹³ Wie die brief aan die Hebreërs lees, word gou-gou oortuig dat die skrywer nie die gevoel van sy hoorders in ag geneem het nie, maar in opdrag van sy Sender vaste spys aan die lesers voorgesit het. Ook aan vandag se lesers ...

Daar bly wel iets van die kind in die volwasse gelowige oor, naamlik kinderlike geloof. Die belydende lidmaat ontvang die koninkryk van God "soos 'n kindjie".¹⁴ Kinderlike glo is heelhartige, blymoedige aanvaarding van die Woord van God, hartlike vertroue in Hom. Wat die Here sê, is die waarheid. Sy beloftes staan vas soos die berge, ongetwyfeld.

Toerusting tot standvastigheid

Juis hierdie kinderlikheid bewerkstellig standvastigheid in die lewe van die volwasse lid van die liggaam. Standvastigheid verdra nie enige aantasting van Gods Woord in die kerk van Christus nie. Efesiërs 4 sê: Wie in die kerk tot 'n volwasse man uitgegroeï het, word nie soos die kinders "heen en weer gedryf deur elke wind van lering" en laat nie dwaling in sy hart en in die kerk toe nie.¹⁵

Iemand vra: Is dit wel aktueel? Moet ons vandag in die kerk waak teen "wind van lering" en "dwaling"? Antwoord: Het die Heiland nie gewaarsku dat baie, ja "baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei" nie?¹⁶ Die Here roep die ampsdraers om op hulleself en sy hele kudde ag te gee. Want wrede wolwe sal onder julle inkom en nie die kudde spaar nie. "Ja, uit julle self sal daar manne opstaan wat verkeerde dinge praat om die dissipels weg te trek agter hulle aan."¹⁷ "Die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tyd sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang."¹⁸ "Want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels."¹⁹

"In die laaste tyd (dit is die bedeling van die Pinksterdag tot die wederkoms van Christus) sal daar spotters wees wat volgens hul eie goddelose begeerlikhede wandel. Dit is hulle wat skeuring maak, sinnelike mense wat die Gees nie het nie."²⁰

Afdwaling is nie slegs van mense en duiwels afkomstig nie. God stuur "die krag van die dwaling". Daar staan letterlik: "'n energie van dwaling". Dit sit as 't ware in die lug. Mense wil afdwaal. God stuur die krag van die dwaling met die doel dat volhardende afvalliges die leuen glo, "sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie".²¹ God stuur die krag van dwaling om ongelowiges te veroordeel en ... sy gelowige kinders te beproef. Daar moet "partyskappe (ketterye) onder julle wees, sodat die beproefdes onder julle openbaar kan

10 Joh 8:44.

11 DLR, 3-4:12.

12 1 Joh 2:16-17.

13 Heb 5:11-12.

14 Luk 18:15-17; vgl. Matt 19:13-15; Mark 10:13-16.

15 Ef 4:13-14.

16 Matt 24:11.

17 Hand 20:29-20.

18 1 Tim 4:1.

19 2 Tim 4:3-4.

20 Jud 18-19.

21 2 Tess 2:11-12.

word".²² Watter toets moet die gelowige ondergaan? In sy liefde vir die HERE en sy Woord sal hy gehoorsaam wees aan die bevel: "Aan 'n man wat partyskap verwek (in die grondteks: 'n heretiese, ketterse mens) moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning".²³ Dit wil sê: Bedien liefdevolle leertug in vermaning en sluit die dwaalleraar by volhardende weerstand teen die vermaning uit, buite die kerk en die koninkryk.²⁴

Die kerk staan in die frontlinie. Die HERE stel ons daar op die proef. Die ou slang wat duivel en Satan genoem word, veg. Hy hou nie op om die skaapstal van Christus aan te val nie. Aan die front ontvang ons die opdrag: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan".²⁵ Hoe om die valse profete uit te ken? Die Skrif gee ons die rigsgaander: "Hy wat God ken, luister na ons (sy Woord); hy wat nie uit God is nie, luister nie na ons nie. Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".²⁶ Die kerk en al sy volwasse lidmate word opgedra om in alle tye "kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is".²⁷

Koersvas

Ons word voortdurend in die geloof voor keuses geplaas. Keuse stel ons in 'n of-of-posisie. Die waarheid bly volg; uit krag daarvan die dwaling weerstaan. Die hele kerkgeskiedenis illustreer hoe die kerk strydende kerk is. En hoe - in die geloofskeuse teen dwaling en afval - Christus sy belofte vervul: "Die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie".²⁸ Ons sogenaamde post-moderne tyd word gekenmerk deur afkeer van geloofskeuse. Daar word gepropageer dat in alle godsdienste 'n kern van waarheid skuil. Nie God of die afgod nie, maar Christus en Boeddha, Christen en Jood en Moslem en heiden. Almal het 'n stukkie van die waarheid. Die leuse is: Ons lewe in 'n new age. Wêreldseenheid. Wie praat daar nog van antitese, keuse voor of teen, Christus of Belial? Die evangelie van die moederbelofte "Ek stel vyandskap..."²⁹ word vervang deur 'alle mense is broeders'.

Wie in geloof kies, bly die waarheid aanvaar en alle afwyking daarvan as leuen ontmasker. Hierdie mens lewe koersvas, laat hom nie deur wind van lering heen en weer slinger nie. Die vraag is nie of hy of sy in 'n post-moderne era inpas nie, maar of die God van die Woord wat sy of haar hart besny het, die koers van die lewe bly bepaal en verheerlik word. Die Heilige Gees hou mense op die koers van die Woord. Hulle mag in die wêreld verdrukking ly, doodgeswyg, as misdadiger behandel word, "maar die woord van God" wat hulle op sy vaste koers hou, "kan nie geboei word nie."³⁰

Geloofseenheid, -groeï en -keuse

Die eenheid van die geloof, geloofsgroeï en -keuse hang onlosmaaklik saam. Eenheid is die voorwaarde om te kan groeï. Waar eenheid ontbreek, praat dominees, ouderlinge en diakens - elkeen in sy eie amptelike roeping - teen mekaar en kan geen werklike toerusting plaasvind nie. 'n Kerkhuis, teen homself verdeeld, sal nie bestaan nie.

Waar lidmate voortdurend deur ampsdraers toegerus word en gevolglik mekaar toerus, groeï kinders en volwassenes in die geloof. Hulle word meer en meer aan die Here Jesus verbind en groeï in die gehoorsaamheid aan sy Woord.

In die groeï-proses word die lammers van die kudde volwasse en leer om voor die waarheid en teen die dwaling te kies. Hulle word koersvas. In die standvastigheid van die geloof weerstaan hulle alle kettery en kom die kerk tot uitoefening van liefdevolle leertug. Leertug ... om die eenheid van die Gees

deur die band van die vrede te bewaar. So word die geloof-sirkel gesluit. Van eenheid tot groeï tot keuse ter bewaring van die eenheid in onse Here Jesus Christus. Dit is 'n wonder om ware gereformeerde kerke te wees en te bly. 'n Wonder van die Gees wat harte vernuwe, in sy eenheid laat bly en geloofsgroeï en -keuse in ons lewe werk.

Selfbeproeïing

Die leer van die Skrif oor geloofskeuse stel ampsdraers, kerkrade en lidmate in hulle selfbeproeïing voortdurend voor die volgende vrae.

Ampsdraers en kerkrade

- * Is die inhoud van prediking, katekisasie en huisbesoek sodanig dat die lammers van die kudde, die jong plante, optimaal kan groeï in geloof? Ken die kandidate vir openbare belydenis die HERE en die leer van die Skrif soos die kerk dit bely? Kan hulle die vyf vrae in die Formulier vir die aflegging van geloofsbelydenis heelhartig en volmondig bevestigend beantwoord?
- * Is die werk van alle ampsdraers op voortdurende geloofsgroeï van alle belydende lidmate gerig?
- * Bedien ons die Woord in prediking en huisbesoek aan belydende lidmate wat nie hulle belofte nakom om die eredienste ywerig te soek nie? As hulle dié diens van die HERE verwaarloos, wat ontbreek aan die geloofsgroeï in die lewe van Maandag tot Saterdag?
- * Gebruik ons, ampsdraers, "by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning" om die belydende lidmate koersvas in hulle geloofskeuse voor te gaan en by te staan?³¹
- * Voer ons die opdrag van die HERE uit deur leertug uit te oefen ooreenkomstig ons belydenis in die geval van openlike afwyking van die leer van die Skrif soos die kerk dit bely?
- * Wat onderneem ons om tekorte in die amptelike diens in gehoorsaamheid aan ons Sender te voorkom of weg te werk?

Lidmate

- * Is my inspanning as dooplidmaat voldoende om uit te groeï tot openbare belydenis van my geloof? Luister ek elke dag na die stem van my Vader in sy Woord? Berei ek die katekisasielklas genoegsaam voor? Luister ek aandagtig na die prediking? Wil ek kortom die HERE en sy diens leer ken en liefhê? Wek ek my vriende en vriendinne in die kerk (broers en susters in God se gesin) op om saam na volwassenheid op te groeï?

22 1 Kor 11:19. Die Griekse woord 'haireseis' word ook in die nuwe Afrikaanse vertaling as 'partyskappe' vertaal. 1 Kor 1:10 openbaar dat daar in die kerk geen skeuringe (skismas, in Grieks: schismata, partye wat ampsdraers tot party-voorgangers degradeer) moet wees nie. Die HERE verbied altwee, maar openbaar uitdruklik dat daar nie skisma nie maar wel 'hairesis' moet wees (kragtens sy ewige besluit) om sy gelowige volk op die proef te stel. Schisma en hairesis moet derhalwe ook in die vertaling duideliker onderskei word as wat in ons Afrikaanse vertalings geskied.

23 Tit 3:10.

24 HK, antw. 85.

25 1 Joh 4:1.

26 1 Joh 4:6.

27 Jud 3.

28 Matt 16:18.

29 Gen 3:15.

30 2 Tim 2:9 (nuwe vertaling).

31 KO, art. 55.

- * Onderrig ons - volwassenes - ons kinders en laat ons hulle voldoende onderrig om na volwassenheid op te groei? Wat onderneem ons in huisgodsdiens, toesig oor hulle persoonlike Skriflesing, gebed, voorbereiding van katisasie, liefdevolle gesprekke, voorgaan in eie lewe, in die keuse van hulle skool ensovoorts om die lammers van Christus se kudde optimaal in sy evangelie tuis, met sy heilsame Woord vertrou te maak?
- * Woon ek die eredienste getrou by om in geloof te groei en aan die front teenoor die gees van dwaling te kan staande bly?
- * Wat onderneem ek om volwasse in die geloof te kan bly? Lees ek - sowel persoonlik as saam met ander belydende lidmate - die

Skrif voldoende en neem ek genoegsaam van skriftuurlike leesstof kennis om voortdurend teen afdwaling gewapen te word en uit geloof keuses teen afdwaling in leer en lewe te kan maak?

- * Wat beplan ek om tekorte in my geloofstoerusting en dié van broeders en susters te voorkom of weg te werk?

Die HERE se opdrag aan die ampsdraers in Efesiërs 4 om die gemeente toe te rus vir diens is met die toerusting vir diens in die kerk nie uitgeput nie. Dit gaan ook oor diens in die koninkryk van God. Aan hierdie toerustingstaak begin ons DV aandag skenk na 'n fundamentele besinning in hierdie rubriek oor 'n 'gesprek' wat nog nie afgerond is nie.

AKTUEEL

Beoordeling van die charismatiese beweging

Oor die gawe van genesing net kortliks dit: Dit is opmerklik dat die apostel Paulus drie keer in 1 Kor 12:9,18,29 in die meervoud oor die gawe van genesing praat. Calvyn merk op dat die apostel nie soseer oor die gawe as sodanig praat nie, maar oor die beoefening daarvan. Dit mag 'n aanduiding wees dat hierdie gawe nie geïnstitusionaliseer mag word nie en dat daar in die gemeente nie sprake sou wees van sogenaamde genesingsbedieninge soos wat in die charismatiese beweging beoefen en bepleit word nie.

By die charismatici bestaan ook die neiging om die genesing te verbind aan versoening. Alle siekte is direk of indirek veroorsaak deur die duiwel. Christus het vir die gelowiges versoening bewerk en daarom kan elke siek kind van God op grond van die versoening genesing van God afwa. Christus het immers aan die kruis die duiwel oorwin en deur sy Gees gee Hy ons die krag om die siekte te oorwin. Hierdeur vergeet hulle dat die genesing 'n profeties-geestelike en 'n toekomstig-letterlike betekenis het.

Ten slotte word enkele samevattende konklusies gegee:

Van die charismatici moet ons dikwels die verwyt hoor dat daar in die gevestigde kerke so min van die Heilige Gees en daarmee ook so min vreugde verneem word. Hulle gee voor om die antwoord op ons tekorte te hê: die doop met die Heilige Gees en daarmee saam die spreek in tale, die volle funksionering van die profesie en die diens van genesing.

Wil ons die charismatiese beweging ten regte beoordeel dan geld die Bybelse reël: "Beproef die geeste, of hulle uit God is" (1 Joh 4:1). Die maatstaf is die Woord van God en daarby volgens Calvyn die gees van versigtigheid. Ons het die gawe van die onderskeiding van die geeste ook hiermee nodig.

By ons beoordeling kry ons onverwags hulp van iemand wat self uit die beweging afkomstig is nl. Hollenweger. In sy indringende studie: Charismatisch-pfingstliches Christentum: Herkunft, Situation, "kumenische Chancen" (1998, Göttingen) onderwerp hy die beweging aan 'n kritiese ondersoek. Die vraag moet gevra word of almal nog oor dieselfde Gees praat en of nie hier en daar aan die Woord te kort gedoen word nie. Dit is inderdaad ook ons konklusie.

Mens tref by die charismatiese beweging nie alleen in die Latyns-amerikaanse lande nie maar ook elders vanweë entoesiasme 'n sterk klem tot sensasionalisme aan waarby profesie met heidense voorspellings verwar word, asook wonders met swart magie, en die charismatiese met spiritisme. In uiterste gevalle is daar ook 'n geneigdheid tot triomfalisme.

Post-moderne ervaring

In ons tyd van die post-modernisme trek daar 'n sterk ervaringsdrif deur die wêreld. Die charismatiese beweging sluit hierby aan. Hulle gee voor om die antwoord te hê op die behoefte van die moderne mens. Ons moet egter onthou dat ervaring 'n gehalte-karakter moet hê, 'n christelike gehalte. Dit wil sê dat daar dan alleen van 'n egte, bybelse Geeservaring sprake kan wees as Christus daarin 'n plek het, gemeenskap met Hom word ondervind en geniet word. En dit gaan nie buite die Woord om nie. Ons kry uit die geskrifte van die leiers en uit die getuienis van hulle volgelinge dikwels die indruk dat heelwat sogenaamde geestelike ervarings buite Christus omgaan, terwyl die Woord van God byna nooit daarin funksioneer nie. Hiervoor is twee oorsake aan te wys: 'n gebrek aan teologie en 'n onderwaardering van die Bybel. Die Heilige

Prof. L. Floor,
Potchefstroom

Gees word teenoor Christus en teenoor sy Woord verselfstandig. Daar word van 'n afsonderlike verhouding met die Heilige Gees gepraat. Woord en Gees word van mekaar losgemaak en Christus is eintlik nie meer die toegang tot die Vader nie. In die Bybel is dit juis andersom: die Gees bind ons aan Christus.

Daar is 'n groot aantal charismatici wat die gawe van spreek in tale beoefen. Die vraag is: Kan hulle spreek in tale die toets van die Skrif deurstaan en voldoen dit aan die kriteria wat Paulus vir die gemeente in Korinte neergeskryf het? Waar die Woord van God nie meer volledig in die verhouding God-mens funksioneer nie, daar neem die menslike gees heel gemaklik die plek van die Heilige Gees in.

Geen tweede seëning

Bybels-teologies is dit nie vol te hou dat die doop met die Heilige Gees as 'n tweede seëning gesoek moet word nie en dat die spreek in tale daarvan 'n bewys is nie. Die Skrifberoep van die charismatici berus hoofsaaklik op gegewens uit Handeling 19 waar met 'n biblisistiese hantering van gegewens omgegaan word sonder om veel aandag aan die heilshistoriese elemente te gee. Waar die charismatici die spreek in tale as die bewys aangee as die doop met die Heilige Gees, moet ons aandring op 'n grondige hersiening van hierdie punt deur hulle. Die gawe van spreek in tale word, nes in Korinte, oorbeklemtoon en as 'n gawe by uitnemendheid gesien. Die spreek in tale is hoegenaamd geen bewys van die doop met die Heilige Gees nie.

Die charismatiese beweging is oor die algemeen geneig om vanuit die Lukas-perspektief oor die gawes van die Gees te praat. Daardeur word hulle siening van die doop met die Gees as 'n tweede seëning gestempel. Hulle laat die hele heilshistoriese kant van waaruit Lukas skryf buite rekening.

By die vraag oor die doop met die Gees speel 1 Kor 12:13 'n groot rol. Hier is die vraag: Is ons deur een Gees òf in of met een Gees tot een liggaam gedoopt? Is die Gees die subjek of die medium?

Wanneer die eerste vertaling die juiste sou wees, moet ons aanvaar dat daar behalwe die waterdoopt nog twee ander dops in die Nuwe Testament genoem word en wel 'n doop met die Heilige Gees, wat deur Christus bedien word en 'n doop deur die Gees self waardeur Hyself die gawe uitdeel. Die teks self gee die antwoord. (vgl. ook Matt 3:11 waar die Heilige Gees aangedui word as 'n element waarin gedoopt word).

Die voorstelling dus dat daar 'n doop sou wees waarvan die Heilige Gees die subjek is, is vreemd aan die Nuwe Testament. Ook kom dit nêrens in die Nuwe Testament voor dat daar 'n bevel gegee word om jou met die Heilige Gees te laat doop nie. Dit in teenstelling met die opdrag tot vervulling met die Gees (Ef 5:18).

Wat deur baie mense as 'n tweede opvolgende daad van die Heilige Gees ervaar word, sonder om die egtheid daarvan in twyfel te trek, is dikwels 'n soms plotselinge dramatiese dieper besef van die liefde van God, van nuwe vertroue op Hom, van versekering om God se eiendom te wees.

Die vervulling met die Gees is 'n opdrag wat elke bedienaar van die Woord moet soek, om meer onder die heerskappy van die Gees te kom. Dit vra gebed, geloofsoefening, selfverloëning, 'n diepe sonde-besef, maar ook 'n innige gemeenskap met Christus en 'n hartlike blydschap.

Profesie nodig

Bybels gesien kan daar geen sprake wees van ware profesie wat aanspraak maak op direkte inspraak van die Heilige Gees wat buite die Woord en soms daarbo uit gaan nie. Daar moet in die gemeente plek wees vir profesie. Ons het vandag meer as ooit profesie nodig. Maar dan moet dit Woordprofete wees. Die gawe is deur God beloof. Daarom mag ons biddend om die belofte pleit, daarmee worstel voor God se aangesig.

Allereers moet die profesie deurklink in die prediking. Daar is naas die leerprediking ook die profetiese verkondiging. Twee aspekte moet onderskei word. Want dit gaan nie alleen om die inhoud nie. Dit het ook betrekking op die gebeure van die verkondiging. 'n Voorvereiste van ons prediking is dat dit nie slegs by woorde bly nie, of soos Calvyn dit noem "n ydele en dodelike welsprekendheid van mense" nie. Preke moet eerder die krag van die Heilige Gees vertoon (1 Tess 1:4). Saam met hierdie krag van die Heilige Gees kom ook die krag van die profesie. Saam met deeglike voorbereiding is dit die Heilige Gees wat soms, plotseling, op die kansel, aan die prediker nuwe insigte openbaar (dis dikwels sulke insigte wat die gemeente die meeste tref). Ons ontvang 'n duidelike aanwysing van wat God se wil is in 'n bepaalde situasie.

Ons moet onthou wat Petrus in sy Pinksterpreek sterk beklemtoon het. Die gawe van profesie is nie alleen bedoel vir predikante en professore, ouderlinge en kerklike werkers nie. Dit is 'n gawe vir die hele volk van God. Gelowiges behoort bewus gemaak te word daarvan dat hulle as volk van God profete en profetesse behoort te wees. Die beoefening van hierdie gawe in onderlinge byeenkomste is heel noodsaaklik.

Ons sal eietydse byeenkomste moet vestig om weer aan hierdie gawe uitoefening te gee. Ons moet leer om hierdie gawe in die gemeente te ontdek en te laat ontplooi. Ons het manne en vroue nodig wat 'n besondere insig in die Bybel het, wat die tekens van die tyd verstaan en vanuit die Bybel kan belig, wat die Skrif dadelik kan toepas op 'n konkrete situasie en deur die kragtige werking van die Heilige Gees die ongelowiges tot oortuiging van sonde kan bring en die gelowiges tot geloofsopbou kan bring.

Palliatiewe sorg

Ons het verlede keer gesien dat die Christen-dokter en -verpleegster binne die postmoderne wêreld van vandag 'n pragtige versorgingstaak kry, wat die eer aan God wil gee deur die sterwende pasiënt optimaal te versorg. Daarin kan ons verskeie tegniese en menslike hulpbronne gebruik wat die HERE vir ons gee. Ons mag verder bely dat God die kwaliteit van lewe bepaal en die uur van sterwe.

Die doel van palliatiewe sorg

Die versorging van sterwendes staan vandag bekend as palliatiewe sorg. Dit is 'n term wat kom van die latynse woord pallium. Dit beteken 'n kleed of 'n skild. Dit is dus die bedekking en beskerming van die sterwende pasiënt. Versorging wat as 'n skild dien om die sterwende pasiënt te beskerm teen die simptome van die sterwensproses. Palliatiewe sorg wil dus die simptome van pyn, angs en die staking van liggaamsfunksies soos o.a. urinering beheer.

In die eerste artikel het ons gesien wat dit beteken om in die Here te sterwe. Die sterwende het op sy sterfbed 'n profetiese, priesterlike en koninklike taak. Dit is dan ook die doel van palliatiewe sorg om dit sover moontlik vir die sterwende pasiënt moontlik te maak om hierdie taak te kan uitvoer. Sodat die sterwende pasiënt ook op sy sterfbed sy God kan dien¹.

Die basis van palliatiewe sorg lê daarin dat die genade van die HERE vir ons genoeg is, ook op ons sterfbed. Al die hulpmiddele tov tegniese en menslike hulpbronne is deur God se genade moontlik. "My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swaakheid volbring."² Ja, Jesaja het reeds gepraat van Christus wat ons benoudhede gedra het. "In al hulle benoudhede was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos"³. Dit is net God wat ons rustig kan maak en die kommer kan verjaag. Ja, Hy leer ons om op Hom alleen te vertrou. Hy wat beloof het is getrou.

Palliatiewe sorg is 'n priesterlike taak

Palliatiewe sorg is vir die versorger deel van sy priesterlike taak.

Almal van ons word een of ander tyd geroep om 'n sterwende familielid by te staan en te help versorg. Dit beteken eerstens om naby die sterwende te wees. Om nie van hierdie taak weg te loop nie. Saam met die versorging van kundiges is dit belangrik dat die familie nie die pasiënt moet isoleer nie. Ons moet die pasiënt wil help, ook al kan ons oënskynlik niks uitrig nie.

Hierdie priesterlike taak behels:

- Biomediese versorging
- Geestelike versorging
- Huislike versorging

Biomediese versorging

Die versorgers van sterwendes het op biomediese gebied 'n geweldige taak. Die uitvoering van hierdie taak is slegs moontlik gemaak deur die verlossingswerk van Jesus Christus. Hy het die volle beker van lyding gedra toe Hy gekruisig is en gesterf het. God het hom verlaat en die toorn wat teen ons moes ontvlam was op Hom. So het Christus dit moontlik gemaak dat ons agter Hom aan kan gaan. In ons sterwe volg ons dus ons Heer. Hy het die palliatiewe sorg ontbeer sodat dit vir ons moontlik sou kon wees.

Hierdie taak beteken konkreet dat die versorger goeie biomediese kennis en vaardighede sal leer bemeester en uitbou om die pasiënt optimaal te versorg. Die versorger moet byvoorbeeld goed op hoogte wees van die beste middele en dosisse om pyn te bestry. Daar is dikwels onder versorgers baie misverstande en onkunde oor die gebruik van pynmedikasie soos bv. morfine. Dit is die versorger se taak om hierdie middel goed te ken. Dit verg kennis en praktiese ervaring om die beste balans tussen pynverligting en mobiliteit te verkry in die gebruik van 'n middel soos morfine.

Ander biomediese aspekte in die palliatiewe sorg, wat vir die versorger belangrik is in die uitvoer van sy taak, is o.a:

- vaardighede om die tegniese hulpmiddele soos die "syringe drive" te kan gebruik om pynverdwende medikasie toe te dien,
- die nuwe-effekte van middels te ken,
- simptome soos naarheid en braking, spierpyne, droë mond, hardlywigheid en lomerigheid voldoende te kan bestry.

Verskeie boeke is geskryf oor hierdie aspekte van die versorging van die sterwende, soos onder andere die boekie van prof Alberts, "Kennis klop kanker", wat baie nuttige inligting gee oor die basiese versorging van sterwende pasiënte. Verder is daar internasionale wetenskaplike tydskrifte oor palliatiewe sorg, soos die "European Journal of Palliative Care", wat die nuutste ontwikkelinge en navorsing op die gebied publiseer.

Geestelike versorging

Palliatiewe sorg wil nie alleen die biomediese aspekte behandel en versorg nie. Palliatiewe sorg wil ook omsien na die geestelike nood van die sterwende. Dokters en verpleegsters kan saam met die pasiënt of vir die pasiënt uit die Bybel voorlees. Dink maar aan psalm 23 en 42. Ook die eenvoudige gebed met die pasiënt, om te bid vir seën van die behandeling, ja selfs vir die klein dingetjies wat in die versorging belangrik is, werk bevrydend en verlig angs en kommer. "Al gaan ek ook deur 'n dal van doodskaduwee, U is met my."⁴

In Suid-Afrika is palliatiewe sorg geweldig aktueel. Die groot hoeveelhede terminaal siek Vigs-pasiënte is steeds aan die toeneem. Christene sal teenoor 'n postmoderne samelewing waar eutanase as oplossing gesien word, die priesterlike en profetiese taak moet opneem om ook hierdie terminale pasiënte te versorg.

¹ (NGB art.12)
² 2 Kor 12 :9
³ Jes 63:9
⁴ Psalm 23

Saam met die pasiënt mag die versorgers wys op die geloof wat uitstyg bo die subjektiewe ervaring van pyn en lyding. "Want ek weet dat die lyding van die teenwoordige tyd, nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie"⁵. Dit is 'n konkrete belofte van ons Verbondsgod. Dit het ook konkrete betekenis vir die palliatiewe sorg. Soos ons geleef het uit die beloftes van die HERE toe ons nog gesond was, so mag ons ook daaruit lewe nou dat ons sterwend is.

Die vraag kom dikwels na vore of versorgers oor die geloof moet praat met die pasiënt. 'n Bekende outeur oor sterwensbegeleiding, Kübler-Ross, vertel dat sy toe sy met haar werk met sterwendes begin het, nie in God en in 'n lewe na die dood geglo het nie. Deur haar werk met sterwendes het sy baie meer godsdienstig geword en glo nou vas aan 'n lewe na die dood. Dit is duidelik dat veral in ons gesekulariseerde wereld, sterwendes graag oor die geloof wil praat.

'n Bekende postmoderne etikus in Nederland, Kuitert, beweer dat mens nie sterwende mense met die boodskap van die evangelie moet lastig val nie. Dit is volgens hom 'n gebrek aan respek vir die medemens. Hierdie visie oor die neutrale klinies wetenskaplike omgaan met sterwendes het baie invloed in ons wêreld vandag. Selfs huise vir sterwendes (hospices) in Nederland met 'n duidelik christelike agtergrond deel hierdie mening.

Dit is natuurlik nie so dat ons die evangelie aan mense moet opdring nie, maar dit beteken nie dat ons ons mond hou oor die hoop van Jesus Christus wat in ons is nie. Ja, selfs teenoor ongelowiges kan ons dit bely. Liefde vir ons naaste hou in dat ons ook bekommerd is oor sy saligheid. 'n Goeie dood sterwe (soos die term eutanase oorspronklik na verwys) is om in volledige oorgawe aan Jesus Christus, ons Goeie Herder, te sterwe.

Huislike versorging

Die pasiënt is deel van 'n huisgesin. Daarom is die ideale plek vir palliatiewe sorg by die huis as dit moontlik is. Hier is die sterwende tog nog deel van die aktiwiteite van die huis soos die huisgodsdien, gesamentlike gebed, sing van psalms ens.

Die sterwende hoor hoe die kinders en miskien kleinkinders skool toe gaan, werk toe gaan of in die kombuis besig is. Dit tel hom of haar uit bo die gedagtes wat dikwels om sy of haar eie behoeftes sentreer. Dit mag selfs blydschap gee om te sien dat die werk van die HERE voortgaan by die kinders en kleinkinders. Hulle is besig in diens van die HERE. So kan die sterwende ook baie beteken vir die mense om hom of haar in die huis. 'n Belangstellende, stimulerende en onderwysende woord aan die kleinkinders kan baie vir hulle beteken. Ook as ons gaan lê bly die onderwysende taak daar, ook as ons op ons sterfbed gaan lê⁶.

Verder kan die pasiënt geniet van die tuin indien moontlik of uitsig uit sy kamervenster. So kan hy/

sy ook sien dat God trou is aan sy beloftes. Hy onderhou die skepping, die blou lug, die verandering van die seisoene, die voëls op die vensterbank ens. God is aan die werk. Dit werk bevrydend.

Pasiënte kan tuis goed versorg word deur verpleegsters wat bv daaglik op besoek kom. Soms mag kort periodes nodig wees vir hospitalisasie. Naby die sterwe kan 'n verpleegster permanent die familie help en ondersteun.

Soms kan die pasiënt egter weens sy eie siekte of omstandighede nie by die huis wees op sy sterfbed nie. Dikwels geskied die laaste versorging in 'n hospitaal of hospies.

'n Hospies is dikwels so na as moontlik aan die tuis-situasie ingerig. Die woord hospies, tehuis, gastehuis of in Engels "hospice" kom van 'n latynse woord wat beteken gas (*hospes*) of vriendelikheid teenoor 'n vreemdeling (*hospitalis*). Hiervan kom ook die hedendaagse woorde hospitaal, hostel en hotel. Ook in die hospitaal of hospies is dit belangrik dat die versorgers die pasiënt sien as deel van 'n gesin.

Veral in Engeland is daar baie werk gedoen op die gebied van palliatiewe sorg. Daar is 'n sterk hospies-beweging. Dit is nie 'n nuwe ding nie. Van die vroegste eeue na Christus het die christene reeds begin om hospiese en hospitale op te rig vir sterwende pasiënte. Hierdie werk was gebaseer op die bevel van Christus: "Sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan my gedoen."⁷

In die Hippokratiese tradisie van daardie tyd het die dokters nie sterwende pasiënte behandel nie. Dit is as oneties beskou omdat die dokter die gevaar sou loop om met die natuur en die gode gekonfronteer te word as hy sou inmeng met die sterwensproses.

Die taak in die palliatiewe sorg betrek ook ander vakterreine soos predikante, sosiale werkers,



Psalms en Skrifberymings gesing deur die leerlinge van die Gereformeerde Skool Dirk Postma.

Hierdie unieke en pragtige CD van 42 minute kos R49.00 en is te koop by die GS Dirk Postma, Posbus 31120, Totiusdal, 0134. Tel (012) 332-3222

"Wees sterk en vol moed"

⁵ Ps 23:4
⁶ Deut 6:7
⁷ Matt 25:40

tandartse, ander spesialiste en veral ook vrywilligers.

Ook na die dood van die pasiënt is dit die taak van palliatiewe sorg om die familie by te staan in die fases van rou.

Drie vlakke van versorging in palliatiewe sorg.

Dr Z Zylicz, onkoloog van die Rozenheuvel Hospies in Nederland, het drie vlakke van versorging geïdentifiseer soos toegepas in palliatiewe sorg.

Vlak een beskou hy as die voorkoming van verdere verliese indien moontlik. Bv, 'n pianis sou graag ook in sy terminale fase van siekte sover moontlik nog klavier wou speel. Dit beteken dat die versorging fokus om dit te probeer behou. Sy dosis van morfine sal daarom so aangepas word dat hy nog genoeg mobiliteit het om klavier te kan speel. As Christene kan ons hierdie vlak so verstaan dat ons sover moontlik die pasiënt in staat stel om met sy gewesde Here te kan dien.

Die tweede vlak is die beheer van simptome soos pyn, angs en depressie.

Die derde vlak wat Zylicz identifiseer is die geestelike versorging. Volgens hom slaag die versorging op vlak een en twee dikwels nie omdat vlak drie oor die hoof gesien word. Dit moet integraal saam met die ander twee vlakke aangespreek word. Algemene praktisyns versorg dikwels net op vlak twee. Om sonder pyn te wees is egter nie die eindpunt nie.

Die profetiese karakter van palliatiewe sorg

Palliatiewe sorg het 'n profetiese karakter. Te midde van 'n wêreld wat outonoom wil beskik oor die lewe en die dood, mag ons bely dat God die uur van ons sterwe weet en dat ons die middele van God mag inspan sodat die sterwende pasiënt soveel moontlik tot op die sterwensuur sy God kan dien.

In Suid-Afrika is palliatiewe sorg geweldig aktueel. Die groot hoeveelhede terminaal siek Vigs-pasiënte is steeds aan die toeneem. Christene sal teenoor 'n postmoderne same-lewing waar eutanase as oplossing gesien word, die priesterlike en profetiese taak moet opneem om ook hierdie terminale pasiënte te versorg.

PERSSKOU

As 'n mens aan ABC torring ...

By vorige geleenthede is daar in *Waarheid en Dwaling* al stilgestaan by dr Willem de Klerk se boek "Die vreemde God en sy mense". Die erns en die konsekwensies van die "plek-plek verskuiwing aan die grense van die Christelike tradisie", soos De Klerk dit noem, is uitgewys. Intussen het enkele maande verloop. Wat het gebeur? Wat was die reaksie op die boek?

De Klerk skryf self daaroor in die herfs-uitgawe van *Woord en Daad*. Hy doop sy artikel "Hoera en Voertsek". Enkele aanhalings word gemaak:

Hoera (instemming) en Voertsek (aggressiewe verwerping), met al die variasies tussenin (waarderend-krities en die ja- en nee-weegskale), is 'n billike opsomming van die reaksies.

Elf resensente (waarvan die meerderheid teoloë van die NG, Hervormde en Gereformeerde Kerke was), was met of sonder reserwes en vraagtekens, baie positief oor die kernstellings van die boek.

Die resensente van die Gereformeerde Kerk het in die Kerkblad voertsek gesê, al was dit plek-plek in vroom woorde verpak. Die klag is onder meer dat die Bybel se gesag deur die boek verwerp is, die belydenis ondermyn is, die Christelike geloof verkrag is, Christus verloën is, en dat die boek daarom 'n gevaarlike verleiding is om mense van God te vervreem.

Die kerkraad van 'n Gereformeerde gemeente in Pretoria het in 'n brief die skrywer se Kerkraad in

Johannesburg versoek om aandag te gee, sodat broeder De Klerk hom opreg van sy sondige weë kan bekeer.

Op uitnodiging het die skrywer 'n byeenkoms van die Gereformeerde Teologiese Vereniging in Pretoria toegesprek. Die reaksie van die meerderheid van die sprekers was om gestreng, verontwaardig en kwetsend, met militêre presisie, "die bok te slag".

In teenstelling met die slagtery is daar ander statistiek in gereformeerde kringe: meer as 'n dosyn Dopperdominees wat oor die foon die boek aanprys; 'n gemeente wat na drie Sondae se gesprek min of meer tuis voel met die boek; so ook drie Bybelstudiekringe en drie kerkgroepe in drie verskillende gemeentes.

De Klerk sluit af met die woorde: Vir 'n voorspelbare groep het dit (die boek) woede en onrus gebring. Ook vir so 'n konfrontasie is die tyd ryp.

Openlike oorlogverklaring. Maar die argumente wat uit die Skrif voor hom neergelê is en word, word nie bespreek nie. Onder die vaandel van Gereformerd-wees word steeds die mees on-Gereformeerde en anti-Gereformeerde dinge kwytgemaak. Wat se soort oorlog word hier geveg? Is dit Gees-geïnspireerd om so tot konfrontasie uit te daag? Intussen is die ABC van die Bybel aangetas. Genesis 1 tot 11 is as mite afgeskryf.

Ds GJ Meijer,
Wonderboompoort

... volg DEF ...

Die bekende TV persoonlikheid Ruda Landman het die Streeksinode van die NG Kerk in Suid-Transvaal kom toespreek. Die buitengewone sinode, wat byeengeroep is om te besin oor 'n langtermynbedieningsplan ten opsigte van sinodale werk, het Landman genooi om 'n lidmaatperspektief op die kerk te kom gee.

Beeld van 5 Mei 1999 gee 'n kort weergawe van Landman se lidmaatperspektief:

Ons glo nie meer aan Jona en die walvis nie. Ons glo nie meer aan Adam en Eva nie, nie letterlik nie.

Haar negejarige seuntjie, het sy vertel, het op 'n dag vertel hy het vreeslik met sy maatjies gebaklei omdat hy gesê het 'n mens kan nie in dinosaurusse én in Adam en Eva glo nie. As sy as kind vir haar pa so iets gesê het, sou hy gereageer het met: "Skaam jou om so van die Bybel te praat. Gaan na jou kamer toe. Ek wil jou nie weer voor vanmiddag sien nie." Maar haar vraag sou nooit beantwoord word nie. Die huidige geslag neem so 'n vraag ernstig op. Daar word met die kind gepraat. Geen vraag word meer onder die mat ingevee nie. Jy moet luister. Jy moet dit deurdink. Jy moet die teenstrydighede en die moeilike goed in die oë kyk. En die Bybel is geweldig moeilik. Daar is verskriklik baie teenstrydighede daarin... Ons aanvaar deesdae in die Bybel dit waarmee ons saamstem en ons lees oor die res. Julle (die teoloë by die sinode) sê nie vir ons hoekom dit is nie. Die volgende keer as ek na 'n antwoord op iets soek, dan kyk ek in die Bybel. Dan dink ek: maar hier is soveel goed wat deesdae skynbaar nie meer net so aanvaar word nie, hoe moet ek dit verstaan? Julle moet dit vir ons sê.

Tot sover Ruda Landman.

Uit die NG Kerk word die volgende antwoord op Landman se vrae verskaf: (*Algemene Kerkbode*, 15 Mei 1999):

Die hele boodskap van die Bybel staan en val juis by die betroubaarheid van die geskiedenis van Gods heilisdade wat daarin verkondig word. Maar die Bybel hanteer hierdie geskiedenis nie op 'n modern-Westerse manier nie en streef nie na wetenskaplike presisie en volledigheid nie. Die Bybel mag daarom nie onderwerp word aan eise wat nie rekening hou met die historiese en kulturele bepaaldheid van die Bybelverkondiging en die uitgesproke doel waarmee hierdie verkondiging vir ons gegee is nie.

Dit is dus verkeerd om aan die boek Genesis nagenoeg dieselfde eise te stel as aan 'n moderne historiese stuk navorsing oor die Tweede Wêreldoorlog. En in die Bybel self moet Hooglied vanselfsprekend anders verstaan en verklaar word as Matteus, of Eksodus as Openbaring. Genesis 1 wil ook klaarblyklik minder sê oor hoé God geskep het as dát Hy geskep het – dát Hy ook mense geskep het om sy beeldraers op aarde te wees.

Tot hoe 'n mate Landman bevredig (kan) word met so 'n antwoord, is 'n oop vraag. Die betooglyn van De Klerk, Landman en die NG Kerk is egter ooglopend dieselfde. Net met die verskil dat Landman die kritiese vraag stel wat 'n konsekwensie is van De Klerk se denkrigting: *hier is soveel goed wat deesdae skynbaar nie meer net so aanvaar word nie, hoe moet ek dit verstaan?* Die NG Kerk laat hierdie vraag onbeantwoord. Intussen lei twyfel oor ABC (Genesis 1 tot 11) tot twyfel oor DEF (soveel goed kan skynbaar nie meer aanvaar word nie, waaronder Jona in die groot vis).

... en JXH, die hart van die evangelie

JXH: akroniem vir Jesus Christus ons Here.

In die Gereformeerde Kerke in Nederland het daar gedurende November 1998 'n ope brief verskyn. Die brief is afkomstig van die Confessioneel Gereformeerde Beraad en dien as 'n "getuienis aangaande ons enige Verlosser en Here Jesus Christus".

Die rede vir die ope brief word soos volg verwoord (vertaal weergegee):

Ons skryf 'n ope brief aan alle lidmate van die Gereformeerde Kerke in Nederland. Ons hoop dat ons brief aanleiding sal gee tot besinning. Die boek "Verzoening: bijbelse notities bij een omstreden thema" van prof. dr CJ den Heyer (1997) en die boek van prof. dr HM Kuitert "Jezus: nalatenschap van het christendom" (1998) het in die kerke 'n uitwerking. Prof. dr Kuitert gee in sy boek sy antwoord op die volgende vraag: Wie is Jesus? Antwoord van Kuitert: Jesus is nie die tweede

Persoon van die heilige Drie-eenheid nie. Die trisinode van die Samen-op-Weg Kerk (Gereformeerde Kerke in Nederland, Nederlands Hervormde Kerk en Evangelies-Lutherse Kerk in Nederland) het besluit om die vraag oor Christus se twee nature ter tafel te neem. Dit laat 'n mens dink: hoekom moet 'n sinode na twintig eeue opnuut besin oor die onopgeefbare belydenis insake die Persoon van Jesus?

Hoe lank neem dit om vanaf die getorring aan ABC en DEF tot by vragetekens oor JXH te kom? Wanneer word die laaste hoofstuk van "Die Vreemde God" geskryf?

Mag die Here 'n kinderlike geloof gee, waardeur ons alles wat Hy in sy Woord aan ons openbaar, van harte aanvaar. Sonder om die geringste jota of tittel klein menslik te wil bevraagteken.